

23 Augustus

Efesiërs 4:1-16; NGB 28

Deel van en verantwoordelik vir die liggaam van Jesus Christus

'n Mens kan nie deel hê aan Jesus Christus, sonder om ook deel te wees van sy liggaam (die kerk van die Nuwe Testament) nie. Daarom dat ons belydenis dit duidelik stel: *"Buite die kerk is daar geen saligheid nie"*. Jesus Christus het vanuit sy oorwinning aan die kruis van Golgota (en na sy hemelvaart) heerlike en kosbare gawes aan elkeen van sy verlostes geskenk (met Pinkster is hierdie gawes uitgegiet oor die kerk as die gawes van die Heilige Gees).

Ons voorgelese gedeelte maak dit duidelik dat sy "eerste" gawes, gawes ter wille van die toerusting van die gemeente is (vers 11,12). Dit is die ampsdraers wat die verantwoordelikheid het om die gemeente as 'n eenheid saam te snoer en vanuit die Woord van God te onderrig, sodat die gemeente presies weet wat God se roeping (vers 1) vir hulle lewens (persoonlik as gelowiges en gesamentlik as gemeente) is. Dit is egter ook duidelik dat elke gelowige 'n gawe van die Gees van God ontvang het (vers 7 en 1 Korintiërs 12:7). Nou moet die gelowiges as die ledemate van die liggaam (vgl. 1 Korintiërs 12), elkeen sy/haar roeping (funksie) vervul, sodat die liggaam opgebou kan word en tot eer van God kan funksioneer in hierdie wêreld. Alleen wanneer elke gelowige deel is van - en persoonlik verantwoordelik is vir die funksionering van die liggaam van Jesus Christus (sien vers 16) kan die opdrag van Efesiërs 4:1 uitgevoer word.

Die opskrif in ons belydenis is: "Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit". Ons voorgelese gedeelte bevestig die erns van hierdie oproep. Elke ampsdraer en elke lidmaat (ledemaat) moet, ten einde hulle roeping te vervul, onlosmaaklik deel wees van en onbeskaamd verantwoordelik wees vir die funksionering van die liggaam van Jesus Christus op aarde.

Sing: Skrifberyming 24:1,6

Ds. I.W. Ferreira (Magol)